

Oplossings vir owerheidsmislukkings

Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE...

Waarom begin met 'n aanhaling uit Kronieke as owerheidsmislukking die onderwerp is?

Die FAK en die VRA adverteer 'n skryfkompetisie. Die gepaardgaande grafika is 'n afdruk van die buiteblad van die *Leviathan*. Hierdie boek is die pennevrug van Thomas Hobbes, een van die vaders van die *Sosiale Kontrak*. Hierin kom hy tot die gevolgtrekking dat individue hulself saambind in politieke samelewings deur onderlinge ooreenkoms. Die regering en sy wette is 'n gevolg van die gemeenskaplike wil van die onderdane.

Maar skryf George Orwell dan nie: *Four legs good, two legs better?*

Elke politieke toespraak en besluit word ingerig om maksimum persoonlike voordeel te verkry, hetsy finansieel of polities. Debatte oor oop toilette word misbruik om stemme te verwerf. Liedere word gesing om volgelinge op te sweep. Die President laster om sy party se vooruitgang te bevorder. *When you vote for the ANC, you are also choosing to go to heaven.*

En die volk skreeu: Ons soek meer! Ander se plase! Groter salaris! Meer rugbywedstryde! *Panem et circenses...*

Die leiers val oormekaar om op hierdie ritmiese dreunsang na die massas se pype te dans om tog net nog 'n stem te verwerf, om tog net nog 'n setel te bekom, om tog net nog 'n sitplekkie iewers te kry.

En daar waar die nasies bymekaarkom, word die gebou van die Europese Unie in Straatsburg noukeurig ontwerp om soos die toring van Babel te lyk. Ons mense kán soos God wees, mits ons saam 'n sosiale kontrak sluit om humanistiese appels te eet.

Waarom reken sommige dan dat hierdie appels suur is? Waarom smul ander dan sappig aan dieselfde appels?

Volgens watter standaard beoordeel ons mislukkings en prestasie? Oor watter objektiwiteit en geheelbeeld beskik die feilbare sterflike mens? Meerderheidstem?

Groot getalle maak verkeerd nog nie reg nie. Die mens struikel sonder kompas, sonder absolute norm. Hierin setel die kern van owerheidsmislukking.

'n Ongewilde stelling in 'n postmoderne samelewing. Dit skreeu nie ten hemele nie, maar ten aarde. In 'n tyd wanneer die mens en sy regte verafgod word, is dit ondenkbaar om nie die uwe as middelpunt vlietende krag te beskou nie.

Lang vergete stemme roep:

Die handhawing van die tradisie van ons volk is noodsaaklik vir sy organiese ontwikkeling en vir ons onderwerp is ons aangewese op Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, omdat die Afrikaanse volk histories 'n Calvinistiese volk is. Uit 1935 weerklink die roepstem van prof J.A. du Plessis in Koers in die Krisis.

God heeft deze Christelijke Staat opgericht en een Christelijk Gouvernement, dat die Kerk buiten om zal beschermen en ook ik, eerwaarde Heeren... 12 Mei 1898 weergalm hierdie wekroep van Paul Kruger tydens sy inswering as president.

Hierdie spoor loop deur die geskiedenis tot by Jan van Riebeeck se gebed: ..volgens U goddelike wil is ons geroep...

Sien u die ironie?

Die Afrikaanse kultuur wat die Drie-enige God as die Bron van gesag en die Insteller van owerhede erken het, roei nou in dieselfde lamlendige bootjie stroomaf met al die ander postmodernistiese humaniste. Nie God word ge-handhaaf nie, maar die mens!

Aan die Skepper van hemel en aarde behoort alle mag. Romeine verklaar onomwonne: ...daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel... hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Daarom moet owerhede aan God verantwoording doen.

Daniël getuig vreesloos voor die heidense Koning Nebukadnesar: *Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne. Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het...*

'n Owerheid wat misluk en selfs vyandig optree teenoor sy onderdane is 'n straf van God oor 'n ongehoorsame volk.

Owerheidsmislukking word voorkom deur die drie aspekte van burgerlike regering te versoen met die riglyne deur God self ingestel: Die owerheid moet sy plig nakom. Wetgewing moet God se wet weerspieël. Die volk moet gehoorsaam wees.

Is die antwoord vir Suid-Afrika se polities en sosio-ekonomiese probleme dalk te vinde in die Keynesiaanse model, soos sekere staatsamptenare wil glo? Sal meer staatinmenging 'n toekomstige Utopia skep? Word die staat ons verlosser? As die hele land se ideologie die mens eerste stel, hoekom sal die leiers anders wees?

Owerhede moet die skares minder paa. God het hulle 'n dure plig opgelê: hulle moet die Christelike godsdiens beskerm en reg en geregtigheid laat geskied. 'n Godvredende prof Du Plessis waarsku: *Die Kerk is nie 'n toevallige vereniging van godsdienstige mense nie, en die staat kom nie op as die produk van 'n wilsaksie van 'n soewereine volk nie. Dit is nie 'n sosiale kontrak nie. Nee, beide Kerk en Staat is deur God gewilde en ingestelde institute.*

Hierdie erkenning van gesag en aanvaarding van die owerheid se opdrag eggo in die Afrikaner se kerklike belydenis. 'n Christelike owerheid wonder nie wat sy plig is nie. Hy is nie besig met selfverryking nie. Nog minder is hy korrup.

En wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? wil Miga weet.

Die owerheid moet regspreek. Hy moet 'n wreker wees om die wat kwaad doen te straf. Betrag die liefde. Sien die skare en word innig jammer vir hulle. Versorg jou onderdane. Beskerm die weerloses. Ontferm jou oor die weduwees en die wese. God vra nie beloftes van ontferming rondom stemdag nie. Hy eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Bescherm veral die kerk as Sy bruid. Wandel met jou God... en ook rassekwessies vervaag.

Parlementêre wetgewing moet God se wet weerspieël. Plato en Cicero noem wette *die siel van die staat*. In die woorde van Calvyn het die wet dan ten doel dat medemense mekaar met opregte liefde moet omhels. Die sentrale wet van God is *om die Here jou God lief te hê en jou naaste soos jouself*. As die owerheid landswette hieraan meet, sal hulle regspreek sonder vrees of mislukking.

Ook die volk werk mee aan owerheid se mislukking of sukses. Keer op keer hou die Here 'n volk verantwoordelik vir hulle dade. Hy straf of seën hulle dienooreenkomsdig met 'n bepaalde regering.

Hoe moet die volk dan bydra tot die owerheid se sukses?

Eer die Koning, sê Petrus. Ons volk moet ons onderwerp aan regeerders wat oor ons aangestel is, nadat ons onself onderwerp het aan die Persoon wat self Sy gesante aanstel.

Helaas, in 'n samelewing waar geleer word om aan te dring op persoonlike regte is dit bykans onmoontlik om neer te buig voor Goddelike reg.

Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE...

1129 woorde

Ingestuur deur Andries Opperman

aharleky@gmail.com

0842092710